

Inhoud Hierdie preek wys dat God die Herder van sy skepping is en deur alle skeppingsgebeure sy skepping onderhou en versorg. Dit gee hierdie Psalmskrywer die vrymoedigheid om by God te kla oor die verval van die tempel en te bid vir die herstel van die tempel. Sonder die tekens van die Here en predikers van God se verbond voel hy God het sy skape uitgelos, maar in wat hy sien hoe God Herder vir sy skepping is, weet hy dat God die Herder van sy kerk sal bly. God herstel self die aanbidding van sy kerk in eredienste. Aanbidding wat deur goddelose wetenskaplike en vroom spiritueles afgebreek is vir hulle godlose spiritualiteit binne die kerk.

Skriflesing Psalm 74.

Teks Psalm 74: 22 “Staan tog op, o God. Verdedig u regsak! Dink daaraan dat U die hele dag deur dwase mense gespot word.”

Tema Die Here herstel self weer sy kerk se eredienste

1. Ons het die afgelope week die seën van God op 'n besondere wyse in Levubu beleef in die sikloon Eloise. Soos gewoonlik is elke vorm van ramp en ellende in beelde aan ons opgedis deur die media wat uit verskrikking en paniek wins maak. Maar toe kom daar net aanhoudende deurdringende reën sonder enige windskaad op ons boorde en gewasse. Die sikloon het die tropiese trog uit tropiese midde Afrika só laag afgetrek dat ons die hele week lank nog aanhoudend deurdringende reën van die Here ontvang.

In hierdie reën sien en beleef ons hier in Levubu die einde van 'n lang en uitmergelende droogte waardeur ons moes raap en skrap om alles aan die lewe te probeer hou.

En in een seisoen, een week, is ooste verseker. Sandlopie is strome, laagtes is damme en droë boorgate fonteine. Meteens is 'n vallei wat orals die droogte in dooie bome en plante gewys het, 'n lushof van oorfloedige groeikrag.

In die droogte het ons as gemeente nooit God verdink van straf en oordeel nie, maar sy trou en sorg soos Hy sy skepping bestuur, bly vertrou. In alles wat ons nou sien as sy kragtige werk in hierdie reën loof ons Hom nou vir hierdie seën uit sy hand.

2. Hierdie Psalm bestaan uit drie dele: 'n klaaglied oor die kerk, 'n geloofsbelydenis oor God se troue sorg in sy skepping en 'n gebed vir die Here se kerk.

In verse 12 tot 17 gee die Psalmskrywer aan God die eer as Herder van sy skepping. Hy eer die Here vir sy sorg en troue liefde wat met al die oënskynlike teenstrydige skeppingsdade, versorgend Here, Herder van sy skepping is.

Die Here herstel self weer sy kerk se eredienste

Hy getuig van die wisseling van die Here wat oorvloedige water gee en dan weer droogte gee met die sinne: “U het fonteine en stroom opgebreek; U het standhoudende riviere laat opdroog.” Die Here gee die wisseling van dag en nag omdat dag en nag aan Hom behoort; Net so gee die Here die wisseling van somer en winter.

Hierdie afwisseling in wat die Here met sy skepping doen word dan geëer as die verlossingsdade wat God hier op aarde verrig.

Die diepte en krag van hierdie geloofsverering van God kan ons vandag maklik verby gaan omdat ons nie meer die afgodsdienste ken in die tyd waarin hierdie eer aan God gebring word nie. Vir al die ander nasies was hierdie afwisseling in God se skeppingswerke die stryd tussen goeie en bose gode. Goeie gode gee lig, water en somer en kwaadaardige gode gee nag, droogte en winter, net soos die son en maan nie iets is wat God maak en 'n vaste plek gee nie, maar gode is wat te vrede gestel moet word.

Daarom is hierdie verering van God uit die geloof in sy troue liefde as Skepper. Uit die geloof dat Hy alles bestuur en alles beskik sodat Hy in alles altyd met verlossingsdade besig is teenoor sy skape, sy volk, sy kerk.

3. Die Here lewer nooit sy volk uit aan sogenaamde bose magte of goeie en slegte gode nie. Hierdie geloofsbelydenis kry u op 'n besondere wyse in die beeld dat die Here die see so skud dat verklaar word dat die seemonsters waarin antieke mense geglo het, deur God so deurmekaar geskud word deur die see dat hulle op die rotse geëindig het as dooie diere wat, ironies genoeg kos geword het vir woestyndiere.

U moet die ironie hierin kan aanvoel! Die legendariese goddelike seemonsters waarvoor almal moet bang wees, het God klaar deel van die gewone voedselketting van die skepping gemaak. Hulle is nie bedreigende goddelike monsters nie. Hulle is kos vir ander diere. Dit doen die Here omdat die onstuimigheid van die see gesien word as God wat die see skud soos 'n mens water in 'n koppie skud.

In al hierdie oënskynlike teenstrydige kragte waarin ongelowiges dreiging, verwoesting, dood, ellende, skade, verliese, ontbering, ongerief, magteloosheid en vernieling sien, sien die Psalmskrywer die afwisselende skeppingskragte van God wat die Goeie Herder is vir sy volk! Sien hy God se verlossingsdade deur sy skeppingskrag.

Dit is ook die geloof waarin ons die laaste jare die droogte uit die hand van die Here ontvang het, in die vaste sekerheid van sy verlossingsdade waarin ons geen straf, veroordeling, woede of toorn in God vermoed het in alles wat ons ontbeer het nie. Net soos ons die oorvloed van hierdie reën as geen dreiging of ramp ervaar het nie,

Die Here herstel self weer sy kerk se eredienste

maar as God se seëning. Een boer het vir my na die vloed sy derduisende rande se skade aan sy elektriese heining en bome gaan wys met die dank, eer en opgewondenheid van die wonderlike gawe wat ons ontvang het.

Ons as die Here se kerk leef nie uitgelewer aan natuurkragte wat ons verniel en verwoes nie. Ons leef in die skeppingsdade van God wat met sy afwisselende dade ons altyd in sy sorg en troue liefde hou. Daarom was hierdie week wat vir ons as verskrikking voor gehou was niks anders as 'n week van dankbare stil gebed gewees terwyl ons in verwondering na die skeppingsdade van God gekyk het nie.

Geen ongelowige of sensasie-soekende joernalis sal ooit die diepe eerbied, dankbaarheid, lof en aanbidding wat in ons harte as gelowiges deur hierdie sikloon geleef het, kan ken of verwoord nie. Die Here het ons bewaar en gesterk deur die droogte. Die Here het ons met oorvloed geseën.

4. Hierdie sekerheid van God se troue sorg in en deur sy skeppingsdade gee die Psalmskrywer die vrymoedigheid om teenoor God te oor die Here se volk, sy kerk te kla en dan 'n gebed tot Hom te rig oor sy kerk. Die sekerheid dat God Herder van sy skepping is, gee die Psalmskrywer weer die krag om tot God te bid wie Hy nie meer kan aanvoel of sien as Herder vir sy kerk nie.

Psalm 74 verse 1 tot 11 is 'n klaaglied van gelowiges wat nie meer kan sien of voel dat die Here hulle Herder in die kerk is nie. Die troue liefde waarvoor die Here in Psalm 23 geloof word, het nou in die kerk plek gemaak vir die aanvoeling dat die Here as Herder 'n smeulende woede teen sy eie skape het. Daarom die aanhef van die Psalm: "Waarom, o God verstoot U ons vir altyd? Waarom smeul u woede teen die kleinvee van u weiplek?" in plaas van geloofsbelydenis "Die Here is my Herder."

Hierdie Psalm is geskryf na die verwoesting van die tempel van die Here in Jerusalem in die jaar 586 n.C. en voor die eerste terugkeer van die ballinge uit Babel in die jaar 536 n.C. Vir hierdie vyftig jaar was die tempel net 'n puinhoop van klippe en as en het dit soos 'n seer in die gemoed van elke gelowige gelê. Die tempel was tot 515 n. C net 'n puinhoop. Dit is vir 71 jaar lank.

Hoe die Babiloniërs die tempel van die Here in 586 vernietig word word in verse tot 8 beskryf deur iemand wat dit moes aanskou het terwyl dit gebeur het, of dit die Psalmskrywer self of iemand was wat dit aan hom vertel het. Die rou en seer in die geloof in God wys in elke woord en beeld.

5. Die Babiloniese soldate het na hul Jerusalem binne geval het die tempel binne gegaan en binne in die tempel waar hy die Here ontmoet en aanbid het hul mag uitgebrul soos leeus wat 'n prooi gevang het. Dit was 'n godsdienstige oorwinningsgejuig, geil en geskreeu dat die afgod van Babel, Marduk, nou Israel se God onderwerp en doodgemaak het. Hulle het hul vaandels van hul God Marduk as

Die Here herstel self weer sy kerk se eredienste

oorwinningstekens binne die puinhoop van die tempel in Jerusalem opgerig om te wys hierdie God van hierdie tempel is nou vernietig deur die krag van die afgod Marduk.

Dit was om die God van Israel bespotlik te maak as 'n kragteloze, afwesige dooie God! Daarom roep die Psalmskrywer in vers 22 uit: “Dink daaraan dat U die hele dag gespot word.”

Vir die Babiloniërs was die oorlog teen Israel en Jerusalem 'n godsdienstige oorlog. Daarom het hulle die tempel eers gestroop en toe afgebrand tot op die grond toe. Die Psalmskrywer sien weer in sy gemoed hoe hulle met byle en breekysters alles wat in die tempel was eers van die mure en dak afgebreek, afgekap en uitgeruk het, en toe wat oor is aan die brand gesteeke het.

Dit was 'n doelbewuste daad van ontheiliging van die God van Israel. Want in die Babiloniërs se bygelowige gemoed was die tempel die God van Israel se blyplek en as hulle sy beeld en blyplek vernietig het, dan het hulle geglo het hulle hierdie God vernietig. Hulle het geglo dat hulle hierdie God kan ontheilig as God en Hom kan niks maak nie.

Meer nog! Dat dit 'n godsdienstige oorlog was wys dat hulle nie net die tempel nie, maar elke plek van aanbidding van die Here in Israel vernietig het soos vers 8 dit stel: “Hulle het toe ook al die ontmoetingsplekke van God in die land verbrand.

6. Daarom kla die Psalmskrywer by die Here dat die puinhoop van die tempel staan onder die oorwinningsbaniere as oorwinningstekens oor God! In hierdie puinhoop onder hierdie oorwinningstekens van die afgod Marduk, kan hulle nie meer die tekens van die volk, die kerk van die Here sien nie. Hulle kan nie meer die altaar van die Here, die offers van die Here en die priesters van die Here sien nie. Al die tekens waarmee die Here hulle verseker het dat Hy hulle Verlosser en Herder is, is weg en 'n puinhoop onder die baniere van die afgod van Babilon.

Dit is nie net die Here se tekens wat weg is nie. Die Here se profete is ook weg. Die profete van die Here, Miga, Jesaja, Jeremia en Esegïel is met die skryf van hierdie Psalm al dood. In hulle plek het daar nie ander profete gekom wat die Woord van God verkondig nie. Die ou predikers van die afgodsdienste van Israel is nou skielik almal tjoepstil want hulle het van die Here ook net 'n afgod gemaak en gemaak asof Hy alles wat hulle begeer sal doen. En toe is die afgod Marduk sterker as hulle afgod van die Here gewees!

Hulle is nou skielik almal nie meer predikers van hulle afgod van die Here nie!

Die Here herstel self weer sy kerk se eredienste

Só is daar nou in die hele volk Israel van Babel tot in Palestina geen predikers meer van God se Woord nie. Hulle is nou kerk van die Here sonder die tekens van God se verlossing en sonder predikers van God se Woord.

Alles wat gebeur wys die Babiloniërs en ook die Israeliete wat die Here as afgod vereer het se minagting vir die Here. Daarom stel die Psalmskrywer: “Hoe lank, o God gaan die teenstander nog spot dryf, gaan die vyand u Naam vir ewig verag?” (Vers 11)

’n Kerk sonder die tekens van die Here en sonder predikers van die Woord van God! Daarom voel hulle die Here is nie meer hulle Herder nie!

7. Dit is die wyse waarop die Here die Here van dag en nag, winter en somer, van droogte en vloede is, dit is die wyse waarop die Here Herder van sy skepping is, wat maak dat hierdie klag nie ’n ongelowige verbitterde verwyd teen God as ’n magtelose afgod gerig word nie, maar in die geloof dat Hy Herder van sy skepping is.

Kyk hoe kom hierdie geloof na vore in verse 10 en 11: “Hoe lank nog, o God, ... voordat U aan hierdie tyd waarin goddeloses U bespot as ’n dooie god en u kerk se aanbidding as ’n puinhoop demonstreer en uitbeeld ’n einde gaan maak!”

Kan u sien uit watter geloof bid hy? Net soos die Here deur nag, winter en droogte versorgend God is vir sy skepping en dan weer deur dag, somer en vloede, net so is God Here van sy kerk! Hy sal tye van onderdrukking en vernieling van sy kerk beskik waarin Hy nog steeds hulle Herder is en dan sal Hy weer sy kerk se Herder wees deur ’n einde te maak aan die oorheersing van afgodsdienste in en oor sy kerk! Die Here sal weer vir sy kerk dag, somer en water beskik!

Uit hierdie geloof bid Hy dan tot God om die mag van goddeloosheid en afgodsdienste oor sy kerk te stop sodat hulle God weer openlik kan aanbid met waardigheid!

Hy doen dit met ’n besondere beeld: “Moet tog nie die lewe van u tortelduiwe aan wilde diere oorgee nie.” Gelowiges is in hierdie wêreld tortelduiwe en goddeloses met hul afgodsdienste, wilde diere. Goddeloses is die onderdrukkers van die kerk van die Here (vers 21) wat sy kerk juis onderdruk om God te spot (vers 18) en sy Naam bespotlik te maak. (vers 22) Die gejoel van vers 23 wys op die godsdienstige rumoer van afgodsdienste binne die tempel van die Here en dan in afgodsdienstestempels terwyl god se tempel ’n puinhoop is.

Hoekom tortelduiwe teenoor wilde diere? Want gelowiges aanbid die lewende God as sy kinders! Hulle is nie God se geweldenare wat met swaard, spies en boog veg om hul God lewendig te hou nie.

8. Wat en hoe bid hy tot God om te doen?

Die Here herstel self weer sy kerk se eredienste

Dit word in een sin saam gevat: "Hou u verbond in oog." Hierdie gebed is nie 'n geestelike onderhandeling van beloftes van toewyding, oorgawe, diens en aanbidding vir God se krag en mag nie. Dit is net 'n gelowige gebed dat God sal onthou hoe hy god van sy eie verbond is. Hoe Hy as god onderneem om god te wees vir sy kerk en sy kerk sy kinders laat wees, deur sy vergifnis en liefde, soos die profete dit verkondig het.

Daarom bid hy dat die Here vir sy kerk weer sy regterhand uit sy mou sal trek, dat God self sy regsak teenoor die bespotting van Hom en die gejoel voor Hom van goddeloosheid en afgodsdienste sal verdedig en dat God sal opstaan teen hulle wat teen Hom opgestaan het.

Want Hy weet die Here is Herder van sy kerk soos hy Herder van sy skepping is: Hy lei en bewaar deur die ellende van nag, winter en droogte, en dan lei en versorg Hy weer deur die oorvloed van dag, somer en water uit fontein en strome. So sal God ook Herder wees vir sy kerk. Die Here sal aan die mag en gespot van goddeloses in sy kerk, oor sy kerk en teen Hom 'n einde maak soos die Here 'n einde aan nag, winter en droogtes maak!

Daarom roep Hy tot God om sy kerk weer te sien met die tekens van die kerk en die predikers van sy Woord!

Hy bid vir die herstel van die tempel in Jerusalem wat die Here toe na die droogtetyd in Babilon in die jaar 515 n. C beskik het. In 536 n. C het die Here hierdie gebed beantwoord: "Laat die onderdrukte nie in vernedering terugkeer nie. Die magteloses en behoeftiges sal u Naam loof." Sonder enige politieke mag of weermag het die Here sy volk uit balling bevry om Hom weer vry te kom aanbid in Jerusalem met die tempel wat in 515 n. C. weer ingewy is.

God is die Herder vir sy kerk, deur dag en nag, winter en somer, droogte en vloede.

9. Hierdie vloed na die droogte moet ons ook weer met die geloof vervul dat ons die Here kan bid om weer sy kerk te bevry uit hulle wat van sy kerk 'n puinhoop gemaak het. Want dit is waar ons vandag in ons eie kerkgeskiedenis is!

Goddeloses het die tekens van die Here in die kerk vervang met die oorwinningsbaniere van hulle spiritualiteit nadat hulle die Here se kerk met hulle byle en breekyster tot op die grond afgebreek het! So afgebreek het dat ons nie meer in die kerk predikers van die Woord van God het nie!

Dit is nie somer net een of ander vergeesteliking van hierdie Psalm of moedswillige kwaadwillige assosiasie teen goedbedoelde mense nie! Dit is die werklikheid van ons kerk op hierdie oomblik. Kom ons toets dit!

Die Here herstel self weer sy kerk se eredienste

Die byle waarmee die Here se kerk stukkend gekap word is sogenaamde “wetenskaplikheid spiritualiteit” en die breekysters waarmee alles in die Here se kerk afgebreek en uitgeruk word is “spirituele vroomheid.”

Ek wil vir u graag ’n oorsig gee oor hoe goddeloses met hulle afgodsdienste die Here se Kerk nou al vir dekades lank afbreek.

- Met hulle breekysters van vroomheid “ons het onself bekeer” het hulle die evangelie van God se genade en vergifnis net deur geloof in God se genade uit die kerk uitgebreek en afgeruk.
- Met hulle breekysters van vroomheid het hulle die sonde om jouself met God se lewe, krag en mag te identifiseer die nuwe gees van die kerk gemaak en die Gees van Christus wat ons deur sy genade regeer uit die kerk uitgeruk.
- Met hulle breekysters van vroomheid het hulle die getuienis oor Christus en sy lyding en opstanding uit die kerk uitgebreek en vervang met hulle stories oor hoe sleg hulle was en hoe goed hulle nog is.
- Met hulle byle van wetenskaplike spiritualiteit het hulle Jesus wat as mens werklik liggaamlik uit die dood uit opgestaan het stukkend gekap en hulle banier van hulle geestelike Jesus in die kerk opgerig.
- Met hulle byle van wetenskaplike spiritualiteit het hulle engele stukkend gekap en die baniere van hulle engellose en duiwellose geestelikheid in die kerk opgerig.
- Met hulle byle van wetenskaplike spiritualiteit het hulle in die kerk die huwelik wat die Here ingestel het stukkend gekap en die goddelose viering van seksuele verkeer tussen mans met mans en vroue met vroue as hulle banier in die kerk opgerig as oorwinningsteken oor die kerk van die Here.
- Met hulle byle van wetenskaplike spiritualiteit en breekysters van vroomheid het hulle die tekens van die Here uit die kerk weggevat. Hulle het die nagmaal deur ons kinders ontheilig van ’n sakrament oor die menslike liggaam van die Here in die hemel waarin ons verenig is na ’n godemaaltyd met God self. Hulle het die doop ontheilig deur dit met hulle nuwe waterspeletjies ’n nietigheid te maak.
- Met hulle byle van wetenskaplike spiritualiteit en breekysters van vroomheid het hulle die wat die Here tot Woord verkondiging geroep het, van God se Woord vervreem en met die Bybel as boek vol menslike godservarings die kerk binne gestuur om gelowiges in hul geloof as sogenaamde fundamentaliste te verneder en te onderdruk.
- Hulle het van die aanbidding van die Here in kerk puinhoop gemaak onder hulle oorwinningsbanier van spiritualiteit in plaas van geloof en liefde.

10. Wat gaan u na hierdie seën van oorvloedige water na ’n uitmergelende droogte met die gemeente van die Here doen?

Die Here herstel self weer sy kerk se eredienste

Wie het tydens hierdie uitmergelende droogte sy plaas gelos en weg getrek en met 'n ander beroep begin? Die teendeel is waar! In hierdie droogte het baie van ons seuns as boere saam met ons begin! Hoekom? Omdat u weet dat die Here wat vir ons deur droogtes lei en bewaar die Here is wat weer fonteine en strome sal oopbreek!

Die Here wat ons Herder is in nag, winter en droogte is, is ook ons Herder wat ons weer in dag, somer en wateroorgloed sal lei!

Goddeloses met hul afgodsdienste kan ons aanbiddingsplekke afbreek met hulle byle en breekysters, hulle kan die tekens van die Here van ons wegneem – maar hulle kan nie die Herder van ons wegneem of Hom vervang met hulle self en hulle goddelose geestelikheid nie.

Die Here sal weer sy kerk herstel. Hy sal ons weer ons aanbiddingsplek gee met sy tekens en predikers van sy Woord! Daarom stig ons nie vir God 'n nuwe verbondsvolk of hou ons net aan om nuwe geboue te bou wat weer met goddeloses se afgodsdienste net weer oorgeneem word nie.

Ons bid die Here om op te staan en sy regsaak teen hierdie goddeloses self te voer. Ons dat die Here wat nag, winter en droogte in die kerk beskik, weer dag, somer en vloede sal gee!

Kan hierdie vloed se oorgloed wat 'n einde aan die droogte gemaak het hierdie geloof in u hart laat behoue bly: die Here wat hierdie droogte in die kerk se lewe beskik het, sal aan hierdie goddeloses se afgodsdienste in sy kerk 'n einde maak. Hy sal die baniere van hulle spiritualiteit wat hulle in gemeentes oprig nadat hulle alles in die geloof afgebreek en uitgeruk het, self verwoes en sy kerk herstel!

Kom ons glo in wat die Here met hierdie vloed vir ons gewys het: Hy sal self sy regterhand uit sy mou trek en self sy regsaak teen hierdie goddelose afgodsdienste voer! Hy sal sy kerk as Herder weer seën na hul onderdrukking en vernedering waardeur Hy nog steeds ons Herder was. Al het ons dit nie meer gesien of gevoel nie.

Kom ons roep die Here aan om die kerk te herstel net soos Hy met hierdie vloed weer ons landbou herstel het! Kom ons bid dat die Here vir ons weer sy tekens en predikers van sy Woord sal gee. Kom ons roep Hom aan om die oorwinningsbaniere van hierdie goddelose wetenskaplike en vroom afgodsdienste in sy kerk sal breek.